UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AFK1501

Mei/Junie 2017

## AFRIKAANS AKTUEEL

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMINATORE**

| | | |
|---|---|---|
| EERSTE | ME L BEER<br>DR E LEMMER | DR EM JACOBS<br>ME M VILJOEN |
| TWEEDE | MNR N VAN HEERDEN | |

---

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

**Jy moet slegs TWEE dele ter waarde van 50 punte elk (50 x 2) beantwoord. Deel 4 (Jeugletterkunde) mag in Afrikaans of Engels beantwoord word Alle ander dele moet slegs in Afrikaans beantwoord word tensy anders aangedui. Jy het 'n uur vir die beantwoording van elke deel.**

***Answer only TWO sections of 50 marks each (50 x 2) Section 4 (Youth Literature) may be answered in Afrikaans or English All other sections must be answered in Afrikaans*** **except where otherwise indicated You have an hour to answer each section**

**[BLAAI OM]**

**DEEL 1: TEKS EN LESER: INLEIDING TOT DIE LITERêRE KOMMUNIKASIEPROSES**

**ANSWER ALL QUESTIONS.**
**QUESTION 1 AND 2 MAY BE ANSWERED IN AFRIKAANS OR ENGLISH. ALL OTHER QUESTIONS (3, 4 AND 5) MUST BE ANSWERED IN AFRIKAANS.**

**Vraag 1 Studie-eenheid 1/*Question 1 (Study unit 1)***

1 1 Verduidelik kortliks die oorsprong van die woord "kaleidoskoop" en brei daarop uit hoe die term op die letterkunde toegepas kan word (2)

1 2 Lys die hoofgenres van die letterkunde en verskaf dan 'n sub-genre onder elke genre (3)

1 3 Skryf 'n paragraaf oor wat met die term "literatuuropvatting" bedoel word Wat is die literatuuropvattings wat die meeste mense voorstaan? Brei daarop uit (5)

**[10]**

**English version**

**1.1 Briefly explain the origin of the word "kaleidoscope" and elaborate on how the term applies to literature (2)**

**1.2 List the main genres of literature and provide a sub-genre under every genre (3)**

**1 3 Write a short essay on what is meant by the term "poetics" What are the conceptions of literature that most people agree on? Briefly discuss them (5)**

**[10]**

**Vraag 2. Studie-eenheid 2 / Question 2 (Study unit 2)**

Letterkunde is 'n poging om die leser se begrip oor die wêreld op verskeie maniere te verruim Maak 'n opsomming van die verskeie verbande tussen letterkunde en die werklikheid en verwys na uitsprake van Rita Felski (2008), sowel as Van Luxemburg, Bal en Westeijn (1987 30-31) in jou argument (Formuleer so ver moontlik in jou eie woorde Hierdie opsomming kan puntsgewys of in opstelformaat bespreek word)

**[10]**

English version

**Literature aims to broaden the reader's understanding of the world in various ways. Make a summary of the various relationships between literature and reality In this summary, you must refer to statements made by Rita Felski (2008), as well as from Luxemburg, Ball and Westeijn (1987· 30-31) (Formulate as far as possible in your own words This summary can be presented as an essay or in bullet points) [10]**

**Vraag 3 Studie-eenheid 3**

Bestudeer die gedig "Nagliedjie" van NP Van Wyk Louw en beantwoord dan die vrae wat volg

3 1 Wie praat in die gedig? Hoe weet jy dit? (2)

3 2 Identifiseer die rymskema van die gedig (1)

3 3 Watter beeldspraak word gebruik in versreel 3 en versreel 5? Skryf ook die beeldspraak neer in jou antwoord (2)

3 4 Gee 'n voorbeeld van 'n metafoor wat in die gedig voorkom (1)

3 5 Voltooi die volgende twee stellings

3 5 1 _______ verwys na die herhaling van dieselfde konsonante aan die begin van woorde binne dieselfde versreel (1)

3 5 2 _______ verwys na die herhaling van vokale in woorde wat kort op mekaar volg binne dieselfde versreel (1)

3 6 Verskaf voorbeelde van albei die poetiese tegnieke wat in 3 5 1 en 3 5 2 gevra word (2)

**[10]**

**Gedig**

**Nagliedjie** (NP Van Wyk Louw

Vannag in hierdie helder stilte
dink ek net aan jou,
treur ek soos die wilger, oor die
waat're van my rou

Jy is soos 'n ster vir my,
ver en stil en rein,
en my siel die donker water
waar jou beeld in skyn

*waat're = ou vorm van water (dui hier op trane)

**Vraag 4· Studie-eenheid 4**

Verduidelik in 'n bondige opstel waarom ons die verhaal "Die ondankbare pofadder" (Elsa Joubert) as 'n Afrika-volksverhaal kan beskou Verwys in jou antwoord na die genrekenmerke wat daartoe bydra dat hierdie kortverhaal tot die bogenoemde genre geklassifiseer word en verstrek teksvoorbeelde om jou antwoord te steun **[10]**

**Vraag 5 Studie-eenheid 5**

In die hoorspel *Blindemol* (Chris Barnard) speel klank 'n kardinale rol Beantwoord die vrae wat volg

5 1 Die twee hoofgroepe waarin byklanke verdeel word is

5 1 1 __________ byklanke, en

5 1 2 __________ byklanke (2)

5 2 Gee *drie* voorbeelde van die byklanke wat jy by 5 1 1 genoem het (3)

5 3 Gee drie voorbeelde van die byklanke wat jy by 5 1 2 genoem het (3)
5 4 Wie is die hoofkarakter in *Blindemol* en watter tipe verteller is hierdie karakter? (2)
**[10]**

**Subtotaal vir Deel 1 [50]**

## DEEL 2: TEKS EN/AS GESKIEDENIS

**LET WEL DEEL 2 MOET SLEGS IN AFRIKAANS BEANTWOORD WORD**
**Vraag 1 is 'n verpligte vraag ter waarde van 10 punte Beantwoord daarna nog TWEE verdere vrae van 20 punte elk In totaal moet jy dus vrae ter waarde van 50 punte in hierdie deel beantwoord**

**VRAAG 1 (verpligtend)**

Omskryf die volgende terme

- Nuwe Historisme (4)
- Meesternarratief (3)
- ideologie (3)

**[10]**

**VRAAG 2 (keuse)**

Verduidelik watter meesternarratief in Gustav Preller se "Lettie" en J van Melle se "Die joiner" ter sprake kom en hoe dit neerslag daarin vind Begin jou antwoord met 'n omskrywing van die term "meesternarratief" en verwys ook na die volgende terme

- Tydsdokument
- Episteme
- Argaiese taalgebruik
- Magstrukture
- Joiner

**[20]**

**OF**

**VRAAG 3 (keuse)**

"Daar is verskeie weergawes van die geskiedenis " Bewys hierdie stelling aan die hand van Herman Charles Bosman se kortverhaal "Die rooibaadjie" **[20]**

**OF**

**VRAAG 4 (keuse)**

Verduidelik hoe die kernbeginsels van die Nuwe Historisme in Sonja Loots se roman *Sirkusboere* (2011) vergestalt word
**[20]**

**Subtotaal vir Deel 2 [50]**

**[BLAAI OM]**

**DEEL 3: TOE ONS NOG KINDERS WAS**

**Vraag 1 (20 punte) en vraag 2 (10 punte) is verpligtend Jy het 'n keuse tussen vraag 3 of 4**

**LET WEL: HIERDIE DEEL MOET SLEGS IN AFRIKAANS BEANTWOORD WORD**

**Die subtotaal vir Deel 3 is 50 punte.**

**Vraag 1 (verpligtend): Studie-eenheid 1**

**Vraag 1 1 "die huisvrou" (Ronelda Kamfer)**

In hierdie gedig word antie Doris as 'n slagoffer van simboliese geweld uitgebeeld Skryf 'n opstel van maksimum een bladsy waarin jy inleidend "simboliese geweld" definieer In die daaropvolgende paragrawe moet jy aan die volgende aspekte aandag bestee

- Hoe haar kleredrag ("uniform") as huisvrou moontlik deur simboliese geweld beinvloed is (2)
- Hoe die meganiese uitvoering van haar take as "huisvrou" as uitvloeisel van simboliese geweld gesien kan word (3)
- Die betekenis van die koms van 'n "polisievan" en twee Tygerbergse "lykshuisbussies" wat "eendag" op 'n reendag by haar huis opgedaag het (3)
- Die verband tussen die opmerklike verandering in haar kleredrag en voorkoms en die suggestie dat sy in hegtenis geneem gaan word (2)

(10)

**Vraag 1 2 *Agter die groen deur* (Helena Gunter)**

Uit die vertelling van Klimmeidjie se verhaal blyk dit dat sy 'n slagoffer van die ideologie van rassisme was Skryf 'n opstel van ongeveer een bladsy waarin jy in 'n goeie inleiding die begrippe "ideologie" en "rassisme" verduidelik Toon dan in verdere paragrawe **alle gebeurtenisse** aan waarin sy op rassistiese wyse benadeel is Die gebeurtenisse moet chronologies op mekaar volg (10)

**[20]**

**Vraag 2 (verpligtend). Dana Snyman se drie tekste, "16 Desember", "Uncle Charlie's" en "Sin City"**

2 1 Noem ten minste vier spesifieke rituele wat in die verlede tydens Geloftefeesvieringe in "16 Desember" afgespeel het Watter duidelike verband hou dit met die slot van die verhaal? (4)

2 2 Uit die slot van die verhaal "Uncle Charlie's" blyk dit dat die ek-verteller nie juis hartseer voel oor die feit dat die padkafee heeltemal verdwyn het nie Toon die verband tussen die titel, die inleiding van die verhaal en die slot aan Bestee in jou antwoord aandag aan wat die padkafee vroeer vir talle plattelandse mense verteenwoordig het (3)

2 3 In 1980 sou 'n plek soos "Sun City" "byna ondenkbaar" in Suid-Afrika wees Waarom? Haal minstens **drie** sinne uit die verhaal aan waarin jy aantoon watter dinge in Sun City in daardie tyd (1980) toelaatbaar was, maar nie in Suid-Afrika nie (3)

**[10]**

**Beantwoord Vraag 3 <u>OF</u> Vraag 4.**

**Vraag 3 (keuse) Studie-eenheid 3 (*Ons is nie almal so nie* (Jeanne Goosen))**

3 1 Skryf 'n opstel van **<u>een</u>** bladsy waarin jy ten minste **vyf gebeure** uit hierdie verhaal aantoon wat as voorbeelde van **simboliese geweld** teen bepaalde karakters beskou kan word Jy moet in jou bespreking ook die karakters se reaksie op die simboliese geweld bespreek (10)

3 2 Gertie se pa se dood word as die klimaks van hierdie verhaal beskou Skryf 'n opstel van **<u>een</u>** bladsy waarin jy Gertie se ma se verandering na haar man se dood bespreek In jou opstel moet jy die kontras van Doris se leefwyse en ingesteldheid vóor en na haar man se dood duidelik aantoon deur direk na insidente in die verhaal te verwys Bespreek ook die invloed van Doris se veranderde lewe op Gertie (10)

**[20]**

**OF**

**Vraag 4 (keuse): *Roepman* deur Jan van Tonder**

4 1 Daar is uit 'n hele aantal gebeurtenisse in hierdie verhaal van simboliese geweld teenoor bepaalde karakters en hul reaksie daarop, sprake Bespreek in 'n opstel van **<u>een</u>** bladsy ten minste vyf gebeurtenisse waar daar van simboliese geweld sprake is Toon in jou antwoord die verband aan tussen die apartheidsideologie en die daaruitvolgende simboliese geweld Gee aan die volgende aspekte aandag

- Timus se pa se onversetlike houding teenoor Gladys en Boytjie (3)
- Die gevolg van die ongeoorloofde (skelm) verhouding tussen Goolshan en oom Gouws (4)
- Timus se pa se houding teenoor die polisieklopjagte wat na doktor Verwoerd se dood uitgevoer word (3)

4 2 Watter gebeurtenisse in hierdie verhaal gee 'n aanduiding dat Timus geleidelik sy kinderlike onskuld verloor? Toon in **<u>een</u>** bladsy op chronologiese wyse die gebeurtenisse aan wat daartoe gelei het dat hy sy onskuld verloor het Gebruik die volgende aspekte as riglyne vir jou antwoord

- die insidente waarin Timus betrokke raak as hy wil wys dat hy ook "skuim" kan piepie (3)
- die voorval by die walvisstasie waarby hy en Ruben betrokke is (3)
- Timus se aanskoue van Joon se dood (4)

**[20]**

**Subtotaal vir Deel 3 = [20] + [10] + [20] = [50] punte**

| |
|---|
| **DEEL 4: JEUGLETTERKUNDE** |
| **Beantwoord AFDELING A (*Middernagfees*) of AFDELING B (*Suurlemoen!*).**<br>***Answer SECTION A (*****Middernagfees*****) or SECTION B (*****Suurlemoen!*****).*** |
| Deel 4 mag in Afrikaans **OF** Engels beantwoord word.<br>*Part 4 may be answered in Afrikaans **OR** English.* |

**The English translation of each question follows the Afrikaans in italics.*

| |
|---|
| ***Afdeling A / Section A***<br>***Middernagfees* (Jaco Jacobs)** |
| **Beantwoord al die vrae wat volg slegs indien jy *Middernagfees* as jou voorgeskrewe boek gekies het. / *Answer the following questions only if you have chosen* Middernagfees *as your prescribed text.*** |

**Vraag 1**

1.1 Identifiseer die twee hoofgroepe verhale waarin kinder- en jeugliteratuur verdeel kan word. (2)
1.2 Beskryf die term *struktuurelemente*. (2)
1.3 Skryf slegs die ontbrekende woord op jou vraestel neer. Alhoewel kinder- en jeugliteratuur tot verskillende lesers kan spreek, is dit vir 'n spesifieke ___________ geskryf wat 'n kind of 'n tiener is. (1)
1.4 Skryf slegs die ontbrekende woord op jou vraestel neer. Die onderskeid tussen kinder- en jeugliteratuur word hoofsaaklik op grond van die ____________ van die bedoelde leser getref. (1)
1.5 Hoe kan ons die bedoelde lesers van kinder- en jeugliteratuur van mekaar onderskei? (Wees spesifiek in jou antwoord.) (2)
**[8]**

***Question 1***

*1.1 Children's and youth literature have two distinct types of stories. Identify them.* (2)
*1.2 Decribe the term* structural elements. (2)
*1.3 Write only the missing word on your answer sheet. Even though children's and youth literature can be read by a wider audience, it is written for a specific __________ which is either a child or a teenager.* (1)
*1.4 Write only the missing word on your answer sheet. We can differentiate between children and youth literature mainly based on the _____________ of the intended reader.* (1)
*1.5 How can we differentiate the intended readers of children's and youth literature? (Be specific in your answer.)* (2)
**[8]**

**Vraag 2**

2.1 Gee 'n sinoniem vir "primêre ruimte". (1)
2.2 Gee 'n sinoniem vir "sekondêre ruimte". (1)
2.3 Wat is die verskil tussen **primêre en sekondêre ruimtes**? (2)

2 4 Noem 'n voorbeeld van 'n **primêre werklikheid** en 'n voorbeeld van 'n **sekondêre werklikheid** wat voorkom in elkeen van die volgende verhale in *Middernagfees*

2 4 1 "Met die maan gepla" (2)
2 4 2 "Stroopsoet Kinders (Edms ) Bpk " (2)
2 4 3 "Kom kyk na die Ongelooflike Paddaman!" (2)
2 4 4 "Die monstertoilet" (2)
2 4 5 "Die aliens is hier!" (2)
**[14]**

***Question 2***

*2 1 Supply a synonymn for "primary space"* ("primêre ruimte") *(1)*
*2 2 Supply a synonymn for "secondary space"* ("sekondêre ruimte") *(1)*
*2 3 Wat is the difference between* ***primary en secondary spaces****? (2)*
*2 4 Identify an example of a primary reality and an example of a secondary reality in each of the following stories from* Middernagfees

*2 4 1 "Met die maan gepla" (2)*
*2 4 2 "Stroopsoet Kinders (Edms ) Bpk " (2)*
*2 4 3 "Kom kyk na die Ongelooflike Paddaman!" (2)*
*2 4 4 "Die monstertoilet" (2)*
*2 4 5 "Die aliens is hier!" (2)*
***[14]***

**Vraag 3**

Verduidelik kortliks, en met duidelike teksvoorbeelde (in jou eie woorde), hoe die volgende temas of aktualiteite in *Middernagfees* na jou mening na vore tree

(a) om anders te wees (10)
(b) groepsdruk (10)
**[20]**

***Question 3***

*Explain how the following themes and/or actualities manifest in* Middernagfees *and use examples from the text (in your own words) to illustrate your answer*

*(a) being different (10)*
*(b) peer pressure (10)*
***[20]***

**Vraag 4 / *Question 4***

Pas kolom A by kolom B / *Match column A with column B*

| | | | |
|---|---|---|---|
| **4 1** | Wat is 'n protagonis? / *What is a protagonist?* | **a.** | Hierdie karakter veroorsaak botsing tussen die protagonis en antagonis / *This character causes friction between the protagonist and the antagonist* |
| **4 2** | Wie is die katalisator in "Die Monstertoilet" (in *Middernagfees*)? / *Who is the catalyst in "Die Monstertoilet" (in Middernagfees)?* | **b.** | Die karakter staan teenoor die protagonis / *This character opposes the protagonist* |
| **4 3** | Wie is die antagonis in "Die Monstertoilet" (in *Middernagfees*)? / *Who is the antagonist in "Die Monstertoilet" (in Middernagfees)?* | **c** | Barbie |
| **4 4** | Wat is 'n tritagonis? / *What is a tritagonist?* | **d** | Hanno se pa / Hanno's dad |
| **4 5** | Wie is die tritagonis in "Die Monstertoilet" (in *Middernagfees*)? / *Who is the tritagonist in "Die Monstertoilet" (in Middernagfees)?* | **e** | Selfs al besef hy/sy dit nie, streef hierdie karakter 'n doel na / *Even though he/she may not realise it, this character is striving towards a goal* |
| **4.6** | Wat is 'n antagonis? / *What is an antagonist?* | **f** | Hanno |
| **4 7** | Wat is 'n katalisator? *What is a catalyst?* | **g** | Die monster in die toilet / The monster in the toilet |
| **4.8** | Wie is die protagonis in "Die Monstertoilet" (in *Middernagfees*)? / *Who is the protagonist in "Die Monstertoilet" (in Middernagfees)?* | **h** | Hierdie karakter speel 'n rol om die handeling in 'n rigting te stuur / This character plays a part to activate the action in the story ("to get the story going") |

(8)

**SUBTOTAAL/*SUBTOTAL* [50]**

**OF**

**Afdeling B / *Section B***
***Suurlemoen!* (Jaco Jacobs)**

**Beantwoord al die vrae wat volg slegs indien jy *Suurlemoen!* as jou voorgeskrewe boek gekies het. /**
***Answer the following questions only if you have chosen* Suurlemoen! *as your prescribed text.***

**Vraag 1**

1 1 Identifiseer die twee hoofgroepe verhale waarin kinder- en jeugliteratuur verdeel kan word (2)
1 2 Beskryf die term *struktuurelemente* (2)
1 3 Skryf slegs die ontbrekende woord op jou vraestel neer Alhoewel kinder- en jeugliteratuur tot verskillende lesers kan spreek, is dit vir 'n spesifieke __________ geskryf wat 'n kind of 'n tiener is (1)
1 4 Skryf slegs die ontbrekende woord op jou vraestel neer Die onderskeid tussen kinder- en jeugliteratuur word hoofsaaklik op grond van die ____________ van die bedoelde leser getref (1)
1 5 Hoe kan ons die bedoelde lesers van kinder- en jeugliteratuur van mekaar onderskei? (Wees spesifiek in jou antwoord ) (2)

**[8]**

***Question 1***

*1 1 Children's and youth literature have two distinct types of stories Identify them (2)*
*1 2 Decribe the term* structural elements *(2)*
*1 3 Write only the missing word on your answer sheet Even though children's and youth literature can be read by a wider audience, it is written for a specific __________ which is either a child or a teenager (1)*
*1 4 Write only the missing word on your answer sheet We can differentiate between children and youth literature mainly based on the ____________ of the intended reader (1)*
*1 5 How can we differentiate the intended readers of children's and youth literature? (Be specific in your answer ) (2)*

***[8]***

**Vraag 2**

2 1 Hoe beskryf Liezl die begrip **postmodernisme** in Suurlemoen!? (Jy kan dit in jou eie woorde beskryf ) (2)

2 2 Wat is Hambidge se definisie/siening van **postmodernisme**? (Jy kan dit in jou eie woorde beskryf ) (2)

2 3 Verskaf drie teksvoorbeelde wat die invloed van postmodernisme in Suurlemoen! aandui Verduidelik telkens in jou eie woorde hoekom elke voorbeeld as "postmodernisties" beskou kan word (10)

**[14]**

***Question 2***

*2 1 How does Liezl define* ***postmodernism*** *in Suurlemoen!? (You may use your own words ) (2)*
*2 2 How does Hambidge define* ***postmodernism****? (You may use your own words ) (2)*
*2 3 Supply three examples from the texts to illustrate the influence of postmodernism in* Suurlemoen! *Explain in your own words why each example can be see as postmodern (10)*

***[14]***

**Vraag 3**

Verduidelik kortliks, en met duidelike teksvoorbeelde (in jou eie woorde), hoe die volgende temas of aktualiteite in *Suurlemoen!* na vore tree

(a) die oplos van probleme (10)
(b) musiek (10)
**[20]**

***Question 3***

*Explain how the following themes and/or actualities manifest in* Suurlemoen! *and use examples from the text (in your own words) to illustrate your answer*

*(a) solving problems (10)*
*(b) music (10)*
***[20]***

**Vraag 4/*Question 4***

Pas kolom A by kolom B / *Match column A with column B*

| | | | |
|---|---|---|---|
| **4 1** | Wat is 'n protagonis? / *What is a protagonist?* | **a** | Hierdie karakter veroorsaak botsing tussen die protagonis en antagonis / *This character causes friction between the protagonist and the antagonist* |
| **4 2** | Wie is die katalisator in *Suurlemoen!*? / *Who is the catalyst in Suurlemoen!?* | **b** | Die karakter staan teenoor die protagonis / *This character opposes the protagonist* |
| **4.3** | Wie is die antagonis in *Suurlemoen!*? / *Who is the antagonist in Suurlemoen!?* | **c** | Bongi |
| **4.4** | Wat is 'n tritagonis? / *What is a tritagonist?* | **d** | Zane |
| **4 5** | Wie is die tritagonis in *Suurlemoen!*? / *Who is the tritagonist in Suurlemoen!?* | **e.** | Selfs al besef hy/sy dit nie, streef hierdie karakter 'n doel na / *Even though he/she may not realise it, this character is striving towards a goal* |
| **4 6** | Wat is 'n antagonis? / *What is an antagonist?* | **f** | Tiaan |
| **4 7** | Wat is 'n katalisator? *What is a catalyst?* | **g** | Liezl |
| **4 8** | Wie is die protagonis in *Suurlemoen!*?/ *Who is the protagonist in Suurlemoen!?* | **h** | Hierdie karakter speel 'n rol om die handeling in 'n rigting te stuur / This character plays a part to activate the action in the story ("to get the story going") |

(8)

**SUBTOTAAL/*SUBTOTAL*: [50]**

## DEEL 5: NEDERLANDSE LETTERKUNDE VIR SUID-AFRIKA

**Beantwoord al vyf vrae.**
**Wenk** Vir vrae van 10 punte behoort jou antwoorde telkens 'n bladsy lank te wees

**Vraag 1**

Watter soort interaksie vind plaas tussen die ruimte en die karakters in "Stenen die lopen" uit Emma Huismans se kortverhaalbundel *Sonate voor wraak* (1994)? Lig jou antwoord toe met gepaste teksvoorbeelde **[5]**

**Vraag 2**

Beantwoord die volgende vrae oor "De hond" uit Emma Huismans se kortverhaalbundel *Sonate voor wraak* (1994)

2.1 Waarom dink jy gebruik die verteller soms Afrikaanse sinne en uitdrukkings in die Nederlandse verhaal. Gee twee voorbeelde uit die teks (3)

2.2 Beskryf die gevoelens van die verteller ten opsigte van (a) Nederland, en (b) Suid-Afrika. Motiveer jou antwoord (2)

2.3 Wat is 'n stereotipe? Verskaf 'n definisie (1)

2.4 Bespreek die stereotiepe beeld wat die verteller aanvanklik gehad het van (a) honde en (b) die wit konstabel. Hoe is dit verbreek? (4)

**[10]**

**Vraag 3**

Noem en bespreek die redes waarom mens kan beweer dat "Alinea 9" uit *Portretten en een oude droom* deur Kader Abdolah (2003) in 'n **postmodernistiese styl** geskryf is. Verskaf jou eie aanhalings uit die teks om jou antwoord te staaf **[10]**

**Vraag 4**

Gee 'n oorsig van **intertekstuele verwysings** in "Alinea 9" uit *Portretten en een oude droom* deur Kader Abdolah (2003). Noem enige vyf voorbeelde wat in die verhaal voorkom **[5]**

**Vraag 5**

**Vraag 5.1**

Skryf 'n kort opstel (een bladsy) oor die interaksie tussen mens en omgewing in Rutger Kopland se gedig "De landmeter" (uit die bloemlesing *Ons klein en silwenge planeet*, saamgestel deur Johann Lodewyk Marais en Ad Zuiderent, 1997). Knoop jou bespreking aan die volgende aspekte

- Waarom dink jy word die landmeter in die eerste strofe as 'n *rentmeester* beskryf?
- Is die spreker in strofe 1 van mening dat die landmeter onverskillig staan teenoor die omgewing waarbinne hy werk?

- Wat word bedoel met die stelling in die tweede strofe dat die landmeter se utopie die kaart is en nie die landskap nie?
- Watter aanduiding is daar in die derde strofe dat die landmeter daarna streef om beheer te verkry oor sy omgewing?
- Watter aanduiding is daar in strofe 4 dat abstraksies vir die landmeter belangriker word as die fisieke omgewing waarin hy hom bevind?
- Wat is vir die landmeter 'n voorwaarde om helderheid te verkry?
- Wie/wat Is die hoofkarakter in hierdie gedig? Motiveer jou antwoord

**[10]**

**de landmeter**

Het is niet alleen onverschilligheid, in zekere zin
is het misschien zelfs wel liefde die hem dwingt,
er is geen paradijs zonder rentmeester

Hij is gelukkig met het landschap, maar gelukkig
met het zoeken, coordinaten wijzen hem zijn onzichtbare
plek, zijn utopie is de kaart, niet de wereld

Hij wil weten waar hij is, maar zijn troost is
te weten dat de plek waar hij is niet anders bestaat
dan in zijn eigen formule, hij is een gat in de vorm van

een man in het landschap Met de grenzen die hij
trekt, scherper en duidelijker, vervagen het gras
en de bomen en alles wat daar leeft, lijdt en sterft

Het is heel helder om hem heen, alles is waargenomen

**Woordverklarings·**

- Het = dit
- die = wat
- er = daar
- het zoeken = die gesoek
- bestaat = bestaan
- als = as
- eigen = eie
- lijdt = ly
- heel = baie

**Vraag 5 2**

Beantwoord die onderstaande vrae oor Anton van Wilderode se gedig "September" in die bloemlesing, *Ons klein en silwerige planeet* (samestellers Johann Lodewyk Marais en Ad Zuiderent, 1997)

5 2 1 Noem vier duidelike tekens uit die gedig wat daarop dui dat somer besig is om in herfs te verander (4)

5 2 2 In die vierde strofe beskryf die spreker hoe klein die buiteruimtes in die laatherfs word Is dit werklik so of is dit net die resultaat van winterse verskynsels? Motiveer jou antwoord (2)

5 2 3 Hoe spandeer die spreker sy tyd noudat die somer verby is? (2)

5 2 4 Voel die spreker meer op sy gemak in die somer as in die winter? Motiveer jou antwoord (2)

**[10]**

**Subtotaal vir Deel 5. [50]**

**TOTAAL VIR VRAESTEL = 100 PUNTE**

©
**Unisa 2017**